




foto Pierre van den Bosch; die hempies is eksklusief vir *Rooi Rose* ontwerp en gemaak deur Luise Coertzen



AFKORTINGS

MV – middelvoor
MA – middelagter
VP – voorpant
AP – agterpant
NT – naattoelating
RK – regte kant
VK – verkeerde kant

MATE

Manshemp: Ware grootte bors: 130(138) cm
Dameshemp: Ware grootte bors: 90(94) cm

ALGEMENE AANWYSINGS

Naattoelating van 1 cm is reeds bygereken.

Manshemp BENODIGDHEDE

1,2 m (150 cm wyd) dun brei-stof; gebreide tussenvoering-stof; 4 knopies; gebreide kragie

MAAK SÓ

1. Vergroot patroon volgens skaal op patroonpapier en knip uit. Lê op materiaal uit en knip uit soos aangedui. Stryk tussen-belegselstof aan slipdele en aan VK van VP soos aangedui. Knip ook strook materiaal van 40 cm x 3,5 cm oor breedte van materiaal.
2. Maak slip soos op bl. 76 verduidelik word, tot stap 3.
3. Knip stukkie katoenband (tape) so lank soos skouernaat en steek aan VK op skouer van VP vas. Stik nou skouernate toe – stik op band. Dit verhoed dat skouernate uitrek.
4. Steek kragie aan RK op hals vas, punte op MV (op knoopstrook). Steek nou 2e dele van knoopstroke vas soos op skets 4, sodat dié strokies oor kraag lê. Steek belegselband rondom hals vas, bo-oor kraag en 2e slipdele. Stik soos op skets 4, maar hou aan rondom hals deur al die lae: kraag, voor- of agterpant en belegselstrokie.

(Kraag en belegselstrokie is nie op skets nie)

5. Dop om soos op skets 5 en voltooi slip soos op res van sketse. Vou belegselstrook 1 cm na binne en stik vas.
6. Stik mou in mousgate en dan sy- en onderarmnate aaneen. Werk 2 cm-some in hemp en moue.
7. Maak knoopsgate en werk knope ooreenstemmend vas.

WENKE

- Onthou dat manshemde links oor regs vasmaak en dameshemde regs oor links.
- Vertikale knoopsgate werk beter omdat dit saam met die minder rekkerige rigting van die materiaal loop.

Dameshemp BENODIGDHEDE

1 m (150 cm wyd) dun brei-stof; gebreide tussenvoeringstof; 7 knopies; gebreide kragie

MAAK SÓ


1. Vergroot patroon volgens skaal en knip uit. Lê op materiaal uit en knip patroondele soos aangedui. Knip belegselstrokie van 22 x 3,5 cm oor breedte van materiaal.
2. Stik skouernate met katoenband. Stik moue in mousgate vas en dan sy- en onderarmnate aaneen.
3. Steek kraag op RK van hals vas. Vou belegsel oor sodat dit oor punte van kraag lê. Steek belegselstrokie op kraag en belegsel vas. Stik deur al die lae om halslyn, gradeer en dop om. Vou belegselstrokie 1 cm na onder sodat dit NT van kraag en hals bedek en stik op rand vas. Stik ook belegsel in posisie vas.
4. Stik soom van 2 cm in onderkant van hemp en moue.
5. Maak knoopsgate en werk knope ooreenstemmend vas.

Gholf vir twee


'n Gholfhempie het 'n klassieke kledingstuk geword. Hier is twee maklike patrone – 'n lekker losse vir hom en 'n noupassende een vir haar. Ons wys jou ook hoe om die slip te maak. Deur Riana van der Merwe




Maak jou slip só




1 Stryk tussenvoeringstof oor punt van slip soos op skets 2. Maak houstiksel soos aangedui op patroon en knip in. Plaas 2 strokies teen rafelrande en stik op houstiksel tot in hoekie.




2 Knip skuins in tot in hoekies op VP.




3 Stryk strokies na MV, nate lê ook na MV. Trek onderpunte van strokies deur gleufie na VK.




4 Vou soom na VK van 2e strokies en stryk. Plaas rafelrande van 2e op die van 1e strokies en stik vas.




5 Dop om en werk omgevoude soompie aan stiksel vas.



6 Steek strokies op mekaar vas, onderpunte gelyk en lippie van VP op rafelrande van strokies.



7 Vou VP dubbel sodat lippie en strokies se onderkant oop lê. Stik op houstiksel deur al die lae van hoekie tot hoekie.



8 Versterk punt van slip met bo-opstiksels.

WENKE

- Om 'n netjiese slip te maak, moet jy baie noukeurig werk. Kontroleer jou patroon só: Meet van houstiksel tot houstiksel. Maal dié getal met 2 en voeg 2 cm naattoelating by – dit is die breedte van jou slipstroke.
- Pars ná elke stap.